Pace4



# VOORDELEGIDS 2016

bestmed

Beter leefstyl. Beter gesondheid.

## Pace4

Pace4, Bestmed se allerbeste gesondheidsorgopsie is spesifiek ontwerp vir diegene wat op 'n mediese skema staatmaak om na beide hul eie en hul gesinne se gesondheidsorg om te sien. Die opsie bied omvattende voordele vir voorkomende sorg (soos PSA-toetsing, papsmere en beendigtheidsmeting), dag-tot-dag mediese sorg, maksimum dekking vir chroniese siektetoestande en hospitaaluitgawes. Verder is daar ook 'n individuele mediese spaarrekening beskikbaar, wat groter buigsaamheid vir betalings bied. Die eksklusiwiteit van Pace4 bied nie net vir jou die meeste dekking nie, maar ook algehele gemoedsrus.

# Wyse van Skemavoordeelbetaling

Op die Pace4-opsie word binne-hospitaaldienste, buite-hospitaaldienste en voorkomende sorg word uit die Skemarisiko-voordeel betaal. Sodra die buite-hospitaalvoordele uitgeput is, sal verdere eise uit die spaarrekening betaal word.



**Bestmed kan met diensverskaffers onderhandel om aan lede voordele en dienste te bied wat rand-vir-rand, die beste waarde bied in vergelyking met ander groot oop mediese skemas.**

# Binne-hospitaalvoordele

**Let wel:**

- Alle binne-hospitaalvoordele hieronder gelys, benodig voorafgoedkeuring. Kontak asseblief 080 022 0106 vir 'n magtigingsnommer.
- Alle dienste is aan kliniese befondsingsprotokolle, voorkeurdiensverskaffers, aangewesediensverskaffers (ADVs), , befondsingsriglyne onderhewig.

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| **Akkommodasie (hospitaalverblyf) en teaterfooie** | 100% Skematarief. |
| **Ontslagmedikasie** | 100% Skematarief.<br>Beperk tot 7 dae se medisyne. |
| **Behandeling in geestesgesondheidsklinieke** | 100% Skematarief. Beperk tot 21 dae per bevoordeelde. |
| **Behandeling vir chemiese en middelemisbruik** | 100% Skematarief. Beperk tot 21 dae of R24 000 per bevoordeelde. Onderhewig aan netwerkfasiliteite. |
| **Konsultasies en prosedures** | 100% Skematarief. |
| **Chirurgiese prosedures en narkose** | 100% Skematarief. |
| **Orgaanoorplantings** | 100% Skematarief. (Slegs VMV's) |
| **Groot (major) mediese maksillo-fasiale chirurgie beperk tot sekere toestande** | 100% Skematarief. |
| **Tandheelkundige en mondchirurgie** | Beperk tot R15 000 per gesin. |
| **Prostese** (Onderhewig aan voorkeurverskaffer, anders geld limiete en bybetalings) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R99 900 per gesin. |
| **Prostese - Intern**<br>Let wel: Sublimiete onderhewig aan bogemelde prosteselimiet.<br>*Funksioneel: Items wat gebruik word vir die behandeling of ondersteuning van 'n liggaamsfunksie. | Sublimiete per bevoordeelde:<br>▪ Funksioneel beperk tot R14 000<br>▪ Vaskulêr R35 350<br>▪ Pasaangeër (dubbelkamer) R44 400<br>▪ Spinaal R35 350<br>▪ Kunsmatige kussing R15 850<br>▪ Middelvrystellende stent R15 850<br>▪ Maas R14 000<br>▪ Ginekologie/Urologie R11 550<br>▪ Lensinplantings R12 750 per lens<br>▪ Gewrigvervanging:<br>– Heupvervanging en ander groot gewrigte R42 650<br>– Knievervanging R49 350<br>– Kleiner gewrigte R15 850 |
| **Prostese - Ekstern** | Beperk tot R23 050 per gesin. |

# Binne-hospitaalvoordele

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| **Ortopediese en mediese toestelle** | 100% Skematarief. |
| **Patologie** | 100% Skematarief. |
| **Diagnostiese beelding** | 100% Skematarief. |
| **Gespesialiseerde diagnostiese beelding** | 100% Skematarief. |
| **Onkologie** | Onkologieprogram.<br>Onderhewig aan voorafmagtiging.<br>100% Skematarief. |
| **Peritoneale dialise en hemodialise** | 100% Skematarief. Onderhewig aan voorafgoedkeuring en ADVs. |
| **Bevallings** | 100% Skematarief. |
| **Refraktiewe chirurgie** | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R7 500 per oog. |
| **Vroedvrou-ondersteunde geboortes** | 100% Skematarief. |
| **Aanvullende dienste** | 100% Skematarief. |
| **Alternatiewe tot hospitalisasie** | 100% Skematarief. |
| **Noodvervoer** | 100% Skematarief. Voorafgoedgekeur en gelewer deur ER24. |
| **Bybetalings** | Nie van toepassing. |



**Ons is 'n skema wat namens sy lede deur lede bestuur word.**

# Buite-hospitaalvoordele

**Let wel:**

- Die volgende buite-hospitaalvoordele word teen 100% Skematarief betaal.
- Sodra die spaarrekening uitgeput is, is voordele onderhewig aan sublimiete en die beskikbare voordele in die dag-tot-dag algehele limiet, teen 100% Skematarief.
- Indien jy nie al die beskikbare fondse in die mediese spaarrekening gebruik nie, sal dit aan die begin van die volgende finansiële jaar na jou spaarrekening oorgeplaas word.
- Alle dienste is aan kliniese befondsingsprotokolle, voorkeurdiens-verskaffers, aangewese diensverskaffers (ADV's), formulariums, befondsingsriglyne en medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price /MPR) onderhewig.

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| **Dag-tot-dag algehele limiet** | L = R28 000, L1+ = R45 100. |
| **Algemene praktisyns- en spesialiskonsultasies** | Beperk tot L = R4 200, L1+ = R6 800. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Basiese en gespesialiseerde tandheelkunde** | Beperk tot L = R9 050, L1+ = R15 350.<br>(Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Mediese hulpmiddels, apparate en toestelle insluitende rolstoele en gehoorapparate** | Beperk tot R7 750 per gesin. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet). Limiet op rolstoele van R10 500 per gesin elke 48 maande. Limiet op gehoortoestelle van R26 800 per begunstigde elke 24 maande. |
| **Aanvullende dienste** | Beperk tot L = R4 200, L1+ = R8 250.<br>(Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Wondsorgvoordeel** (insl. verbande, behandeling m.b.v. negatiewe druk-wondterapie (NDWT) en verwante verpleegdienste - buite-hospitaal) | Beperk tot R10 300 per gesin. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Oogkundige voordele** (VVN-kapitasieverskaffer) | Oogkundige dienste word gelewer en betaal deur VVN teen 100% van koste per bevoordeelde elke 24 maande.*<br>Vir dienste gelewer deur 'n nie-netwerkverskaffer is die volgende maksimum bedrae elke 24 maande van toepassing:<br>■ Konsultasie R325<br>■ Raam R1 050 EN<br>– Enkelvisie-lense R150 OF<br>– Bifokale lense R325 OF<br>– Multifokale lense R600<br>■ Kontaklenses R1 710** |

# Buite-hospitaalvoordele

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| **Diagnostiese beelding en patologie** | Beperk tot L = R4 200, L1+ = R8 250. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Kraamvoordele** | 2 sonars en tot 12 voorgeboorte-konsultasies. |
| **Gespesialiseerde diagnostiese beelding** | Onderhewig aan voorafgoedkeuring. MRB-/RT-skanderings: Maksimum van drie per bevoordeelde. PET-skandering: Een skandering per bevoordeelde. |
| **Rehabilitasiedienste na trauma** | Onderhewig aan voorafgoedkeuring en protokolle. |
| **Onkologie** | Onkologieprogram. Onderhewig aan voorafmagtiging. |
| **Peritoneale dialise en hemodialise** | Onderhewig aan voorafgoedkeuring en ADVs. |

* Dit beteken dat daar geen bybetaling is nie, mits dit vir produkte en dienste is wat deur VVN beding is en vir rame soos gespesifiseer deur VVN.

** Preferred Provider Negotiators (Voorkeurverskaffernetwerk VVN) sal 'n maksimum bedrag van R1 710 vir die koste betaal vir kontaklense per begunstigde elke (vier en twintig) 24 maande, ongeag of die begunstigde die diens gebruik van 'n VVN of 'n nie-netwerk diensverskaffer.



**Weet jy hoe om jou voordele ten beste te gebruik?**

**Vra jou dokter om, waar moontlik, generiese medisyne voor te skryf.**

# Medisyne

**Let wel:**

- Alle dienste is aan kliniese befondsingsprotokolle, voorkeurdiensverskaffers, aangewese diensverskaffers (ADV's), formulariums, befondsingsriglyne en medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price /MPR) onderhewig.
- Besoek asseblief ons webtuiste by www.bestmed.co.za om 'n lys van alle chroniese toestande te besigtig.

* Let asseblief daarop dat die koste van chroniese medisyne vir beide CSL- en nie-CSL-toestande eers vanuit die nie-CSL-limiet betaal word. Daarna gaan die Skema voort om die koste van goedgekeurde chroniese medisyne vir CSL-toestande te dra.

| VOORDEELBESKRYWING | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| **CSL-chroniese medisyne*** | 100% Skematarief. Bybetaling van 20% vir nie-formulariummedisyne. |
| **Nie-CSL-chroniese medisyne*** | 45 siektetoestande. 85% Skematarief. Beperk tot L= R19 450, L1+ = R38 950. Bybetaling van 20% vir nie- formulariummedisyne. |
| **Biologiese en ander hoëkoste medisyne** | 100% Skematarief. Beperk tot R365 450 per bevoordeelde. |
| **Akute medisyne** | Beperk tot L = R6 600, L1+ = R10 300. Onderhewig aan MRP. (10% bybetaling) (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Oor-die-toonbankmedisyne (ODT)** | Spaarrekening. |

# Chroniese siektetoestandelys (nie-CSL)

| |
|---|
| Aknee - ernstig |
| Aandagafleibaarheid/Aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsindroom (ADD/ADHD) |
| Allergiese rhinitis |
| Ekseem |
| Migraine-profilakse |
| Jig-profilakse |
| Endometriose |
| Ernstige depressie |
| Chroniese anemie |
| Polisistiese ovariale sindroom |

# Chroniese siektetoestandelys (nie-CSL)

| |
|---|
| Graves se siekte |
| Obsessief-kompulsiewe steuring |
| Beroerte |
| Paraplegie/Kwadruplegie (Medisyne vir behandeling) |
| Pulmonale embolisme |
| Vroulike menopouse |
| Goedaardige prostaathipertrofie |
| Osteoporose |
| Psoriase |
| Unrinêre inkontinensie |
| Paget se siekte |
| Gastro-esofageale refluks (GEF) |
| Ankiloserende spondilitis |
| Hipofiseale adenoom |
| Osteo-artritis |
| Alzheimer se siekte |
| Aplastiese anemie |
| Kollageensiektes |
| Cushing se siekte |
| Sistiese fibrose |
| Dermatomiositis |
| Fibroserende alveolitis |
| Hipertireose |
| Hipopituïtarisme |
| Ideopatiese trombositopeniese purpura |
| Motorneuronsiekte |
| Spierdistrofie en aangebore spiersiektes |
| Neuropatie |
| Miastenie gravis |
| Poliarteritis nodosa |
| Pulmonale interstisiële fibrose |
| Skleroderma |
| Sjögren se siekte |
| Trigeminale neuralgie |
| Psoriatiese artritis |

# Maternity Care-program

Met soveel dinge om te balanseer, is die Maternity Care-program spesiaal ontwerp om nuwe ouers deur die hele swangerskap en die eerste twee jaar met 'n nuweling in die huis by te staan, sodat hulle nie 'n enkele, spesiale oomblik mis nie. By Bestmed wil ons verseker dat julle die hele ervaring ten volle geniet.

Wanneer jy vir hierdie program registreer, ontvang jy die volgende ondersteuning en voordele:

- 'n 24-uur professionele mediese advieslyn.
- Weeklikse e-posse propvol nuttige inligting oor jou swangerskap, jou baba se ontwikkeling, hoe om ongemaklike simptome te hanteer asook waardevolle wenke.
- Nuwe pa's word ook betrek en ontvang elke tweede week 'n e-pos wat hulle op hoogte hou van die baba se ontwikkeling en die mamma se vordering.
- Om te verseker dat jou swangerskap reg afskop, sal jy 'n verwelkomingspakkie ontvang wat 'n insiggewende swangerskapboek oor al die fases van swangerskap en afslagkoopbewyse vir verskillende bababenodighede insluit. Die mamma kan ook binne die eerste maand van registrasie 'n swangerskap-gesondheidspakkie, wat deur Fastmail versend word, verwag.
- Gedurende die tweede maand ná registrasie sal ons 'n pragtige babasak, vol babaprodukte vir gebruik na die geboorte, by jou laat aflewer. Nuwe mammas kan 'n sak vol wonderlike bederfprodukte verwag.

**Neem asseblief kennis dat jy eers na die 12de week van swangerskap vir die Maternity Care-program kan registreer.**



**Vroedvrou-ondersteunde geboortes word teen 100% van die Skematarief op alle Pace-opsies gedek.**

# Voorkomendesorg-voordele

**Let wel:** Alle dienste is aan kliniese befondsingsprotokolle, voorkeurdiensverskaffers, aangewese diensverskaffers (ADV's), formulariums, befondsingsriglyne en medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price / MPR) onderhewig.

| TIPE VOORDEEL | GESLAG EN OUDERDOMSGROEP | HOEVEELHEID EN FREKWENSIE | VOORDEELKRITERIA |
|---|---|---|---|
| **Griepinentings** | Alle ouderdomme. | 1 per bevoordeelde per jaar. | Van toepassing op alle aktiewe lede en afhanklikes. |
| **Longontstekinginentings** | Kinders < 2 jaar.<br>Hoërisiko-volwassenes. | 1 keer elke 60 maande. | **Befondsing vir volwassenes:**<br>Die Skema sal hoërisiko-individue identifiseer en immunisering aanbeveel. |
| **Pediatriese immuniserings** | Babas en kinders. | Befondsing vir alle pediatriese entstowwe in ooreenstemming met die staat se aanbevole program. | |
| **Vroulike voorbehoedmiddels** | Alle vroue van vrugbare ouderdom. | Aantal en frekwensie bepaal deur die produk tot die maksimum toegelate bedrag. Mirena-toestel - 1 toestel elke 60 maande. | Beperk tot R1 550 per gesin per jaar en sluit alle items in wat in die vroulike voorbehoedmiddel-kategorie val. |
| **Voorchirurgiese rug-en nekevaluering**<br>**Verskaf deur Documentation Based Care (DBC)** | Alle ouderdomme. | Behandelingsplan van tot 6 weke soos goedgekeur. | Van toepassing op bevoordeeldes wat ly aan ernstige spinale of rugprobleme en chirurgie mag benodig. Die Skema identifiseer persone wat by die DBC-sentrum geëvalueer word. Gebaseer op die resultate van die evaluasie word 'n behandelingsprogram van ongeveer 6 weke opgestel en geïmplementeer. |
| **Voorkomende tandheelkunde** (Insluitende: handskoene en steriele toerusting) | Verwys na die afdeling oor Voorkomende Tandheelkunde vir verdere besonderhede. | | |
| **Haemophilus influenza Tipe-B vaksien (HIB-titer)** | Kinders van 5 jaar en jonger. | 1 inenting op 6, 10 en 14 weke na geboorte.<br>1 skraaginenting tussen 15 en 18 maande. | Indien die skraaginenting nie betyds toegedien is nie, kan dit slegs tot op 5 jaar gebeur. |
| **Mammogram** | Vroue van 40 jaar en ouer. | 1 keer elke 24 maande. | Skematarief is van toepassing. |
| **PSA-siftingstoets** | Mans van 50 jaar en ouer. | 1 keer elke 24 maande. | Moet deur 'n uroloog uitgevoer word. Die uroloog se konsultasiefooi word vanuit die spaarrekening-konsultasievoordeel betaal. |
| **MPV-immuniserings** | Vroue tussen 9 en 26 jaar oud. | 3 inentings per bevoordeelde. | Inentings word teen MRP befonds. |
| **Beendigtheidsmeting** | Alle bevoordeeldes van 45 jaar en ouer. | 1 keer elke 24 maande. | |
| **Health Check (Biometriese sifting)**<br>▪ Glukosetoets (vingerpriktoets)<br>▪ Cholesteroltoets (vingerpriktoets)<br>▪ Bloeddruk<br>▪ Liggaamsmassa-indeks (LMI) | Alle bevoordeeldes 10 jaar en ouer. | 1 per bevoordeelde per jaar. | Alle bevoordeeldes, 10 jaar en ouer, het toegang tot een biometriese voordeelpakket by uitgesoekte apteke (Dis-Chem, Clicks, ScriptSavers en Pick n Pay). |
| **Papsmeer** | Vroue van 18 jaar en ouer. | 1 keer elke 24 maande. | Mag deur 'n ginekoloog of algemene praktisyn uitgevoer word.<br>Die konsultasiefooi word vanuit die konsultasievoordeel betaal. |
| **Dieetkundige konsultasie** | Alle ouderdomme. | 1 dieetkundige konsultasie per gesin per jaar. | Opvoedkundig. |

Vrywaring t.o.v. uitsluitings: Algemene en opsie-spesifieke uitsluitings is van toepassing.
Raadpleeg ons webtuiste by www.bestmed.co.za vir nadere besonderhede.



Vir 'n meer gedetailleerde oorsig van jou voordele-opsie en 'n lidmaatskapgids kontak ons asseblief by service@bestmed.co.za

# Voorkomende tandheelkunde

**Let wel:** Dienste wat hieronder vermeld word, mag aan voorafmagtiging, kliniese befondsingprotokolle en befondsingsriglyne onderhewig wees.

| BESKRYWING VAN DIENS | OUDERDOM | FREKWENSIE |
|---|---|---|
| **Algemene volmond-ondersoek deur 'n algemene tandarts** (sluit handskoene en gesteriliseerde toerusting vir die besoek in) | Ouer as 12 jaar.<br>Jonger as 12 jaar. | 1 keer per jaar.<br>2 keer per jaar. |
| **Volmond-binnemondse röntgenfoto** | Alle ouderdomme. | 1 keer elke 36 maande. |
| **Binnemondse röntgenfoto** | Alle ouderdomme. | 2 foto's per jaar. |
| **Skalering en/of polering** | Alle ouderdomme. | 2 keer per jaar. |
| **Fluoriedbehandeling** | Alle ouderdomme. | 2 keer per jaar. |
| **Fissuurverseëling** | Tot en met 21-jarige ouderdom. | Volgens die aanvaarde protokol. |
| **Spasiebehouers** | Gedurende die primêre en gemengde gebit-fase. | 1 per spasie. |

Vrywaring t.o.v. uitsluitings: Algemene en opsie-spesifieke uitsluitings is van toepassing. Raadpleeg ons webtuiste by www.bestmed.co.za vir nadere besonderhede.

# Bydraes

| | HOOFLID | VOLWASSE AFHANKLIKE | KINDER-AFHANKLIKE* |
|---|---|---|---|
| **Risikobedrag** | R5 263 | R5 263 | R1 233 |
| **Spaarrekening-bedrag** | R163 | R163 | R38 |
| **Totale maandelikse bydrae** | **R5 426** | **R5 426** | **R1 271** |

* Jy betaal slegs vir 'n maksimum van vier kinders.
Alle ander kinders sluit gratis as bevoordeeldes by die Skema aan.



Moenie toelaat dat bybetalings jou kontantvloei benadeel nie. Beding pryse met dokters wat skematarief oorskry.

## Afkortings

CSL = Chroniese siektelys; DBC = Documentation Based Care (rugrehabilitasieprogram); L = Lid; L1+= Lid en gesin; MPV = Menslike Papillomavirus; MRB-/RT-skanderings = Magnetiese resonansiebeelding/ Rekenaartomografie-skanderings; MRP = Mediscor Reference Price (medisyneverwysingsprys); NDWT = Negatiewe druk-wondterapie; PET-skandering = Positron-emissietomografie; VVN = Voorkeurverskaffernetwerk; PSA = Prostaatspesifieke antigeen.

Vir 'n meer gedetailleerde oorsig van jou voordele-opsie en 'n lidmaatskapgids kontak ons asseblief by service@bestmed.co.za

Vrywaring: Die 2016-produkinligting wat in hierdie brosjure verskaf word, word sonder voorstelling of waarborg, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, beskikbaar gestel en geen aanspreeklikheid met betrekking daartoe sal aan Bestmed Mediese Skema toegedig word nie. Alle inligting oor die voordele-opsies en meegaande dienste vir 2016, insluitend inligting ten opsigte van die bepalings en voorwaardes of enige ander aangeleenthede, is onderhewig aan die voorafgoedkeuring van die Raad vir Mediese Skemas (RMS) en mag sonder kennisgewing dog met behoorlike inagneming van die RMS se verdere direktiewe, verander. Bestmed aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, hetsy direk of indirek wat voortspruit uit inligting in hierdie brosjure verskaf, of enige optrede en/of transaksies wat daaruit voorspruit nie.

Besoek asseblief www.bestmed.co.za om die volledige vrywaring van aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir Bestmed Mediese Skema, asook ons bepalings en voorwaardes te besigtig.

© Bestmed Mediese Skema 2016

Bestmed is 'n geregistreerde mediese skema (reg.nr. 1252) en gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FSP-nr. 44058)

705616 Bestmed Pace4 Voordelegids. Hierdie gids is in November 2015 gedruk. Vir die jongste weergawe van die gids, besoek asseblief ons webtuiste by www.bestmed.co.za

# Kontakbesonderhede

086 000 2378

service@bestmed.co.za

012 472 6500

www.bestmed.co.za

@BestmedSocial

www.facebook.com/
BestmedMedicalScheme

**INSTAPFASILITEIT**
Blok A, Glenfield-kantoorpark, Oberonlaan 361,
Faerie Glen, Pretoria, 0081, RSA

**POSADRES**

Posbus 2297, Arcadia, Pretoria, 0001, RSA

**ER24 EN INTERNASIONALE REISDEKKING**

Tel: 084 124

**MAGTIGING VIR HOSPITAALOPNAME**

Tel: 080 022 0106
E-pos: authorisations@bestmed.co.za

**CHRONIESE MEDISYNE**

Tel: 086 000 2378
E-pos: medicine@bestmed.co.za
Faks: 012 472 6760

**EISE**

Tel: 086 000 2378
E-pos: service@bestmed.co.za (navrae)
claims@bestmed.co.za (eisindienings)

**MATERNITY CARE-PROGRAM**

Tel: 086 111 1936
E-pos: info@bestbaby.co.za

**BESTMED BLITSLYN, BESTUUR DEUR KPMG**

Indien jy bewus is van enige bedrieglike, korrupte of onetiese praktyke waarby Bestmed se lede, diensverskaffers of personeel betrokke is, rapporteer dit asseblief anoniem aan KPMG.

Blitslyn: 080 111 0210 tolvry vanaf enige Telkom-lyn
Faks: 080 020 0796
E-pos: fraud@kpmg.co.za
Posadres: KPMG Hotpost, by BNT 371
Posnus 14671, Sinoville, 0129,RSA

bestmed